Staan jou naam in die Boek?

20 Augustus 2023 Ds Willem Badenhorst willem.badenhorst@moreleta.co.za

Inleiding

Een van die hoofredes waarom gelowiges nie die evangelie met ander wil deel nie, is omdat hulle nie 'n bruikbare, effektiewe hulpmiddel tot hulle beskikking het nie. Die hulpmiddel wat ons hier aanbied is maklik om te leer, lekker om te deel en byna onmoontlik om te vergeet! Die beste is egter dat jy dit altyd by jou het.
Volg saam met jou leier die gebare terwyl hy/sy dit vir jou demonstreer. Hierdie gebare sal later natuurlik gebruik kan word wanneer jy die evangelie met ander deel. Dit sal jou ook help om op die regte pad te bly.

Wenke vir leier

1. Maak seker dat jou groep verstaan wat die term "bekering" beteken. Vergelyk Joh 3:1-5.
2. Maak seker dat elkeen die betekenis van elke vinger verstaan.
3. Oefen die "hand-evangelie" op mekaar.
4. Moedig mekaar aan om die Evangelie deur middel van die hand met ander te deel.

Kyk weer: Erediens

Kyk gerus: Deel jou Geloof - Sessie 2

Terugvoer van die erediens

Laat elkeen wat die diens bygewoon het vertel wat hom/haar aangespreek het.

Die Evangelie



Duim (sterkte) GENADE
..... so werk God

Wysvinger (skuldig) MENS
..... is 'n sondaar wat homself nie kan red nie

Middelvinger (hoogste) GOD
..... is regverdig maar het ons baie lief

Ringvinger (getrou) CHRISTUS
..... gee deur Sy Kruisdood vir ons die Ewige Lewe

Pinkie (swakste) GELOOF
..... God se beloftes word so waar in ons lewens

Besprekingsvrae en antwoorde

- **Johannes 3:16** God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.
- **Matteus 28:19-20** Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.

GENADE
Die ewige lewe is 'n genadegawe wat God gee (gratis geskenk).
Romeine 6:23

Dit word nie verdien of verwerf nie.
Efesiërs 2:8-9

MENS
Die mens is 'n sondaar.
Romeine 3:23

Hy kan homself nie red nie.
Matteus 5:48



GOD
God is liefde en wil ons nie straf nie.
1 Johannes 4:8b

God is regverdig en moet die sonde straf.
Handelinge 17:31

CHRISTUS
Wie is Jesus?
Christus is Beide God en Mens.
Johannes 1:1,14

Wat het Jesus vir ons kom doen?
Hy het gesterf aan die kruis, Hy betaal vir ons sondes, Hy het opgestaan uit die dood, Hy skenk vir ons die ewige lewe
Jesaja 53.6

GENADE
Die ewige lewe is 'n genadegawe wat God gee (gratis geskenk).
Romeine 6:23

Dit word nie verdien of verwerf nie.
Efesiërs 2:8-9